Sing vooraf vooraf: Psalm 20:1, 2 (p. 90)

1 O, mag die HERE u verhoor / in dag van nood en stryd!
En mag die Naam van Jakobs God / u dek in oorlogstyd!

2 Mag Hy sy heil en bystand stuur / uit hoë heiligdom,
en u uit Sion ondersteun, / van waar u hulp sal kom.

Ons hulp is in die Naam van die Here wat die hemel en die aarde geskape het.
Geliefdes, genade en vrede vir u van God ons Vader en die Here Jesus Christus deur die kragtige werking van God die Heilige Gees.

Amen.

Lofpsalm 9:1, 10 (p. 36)

1 Ek sal van ganser harte, HEER, / u wonders groot maak en U eer.
Ek sing omdat ek in U bly is, / aan wie my lofsang toegewy is;

10 Dan vind my tong weer nuwe stof, / in Sions poort meld ek u lof.
Dan sing ek bly van u genade, / so groot in nuwe reddingsdade.

Geloofsbelydenis: Nicea

Na die wet sing ons Psalm 25:9 (p. 117).

Wet

Psalm 25:9 (p. 117)

9 Slaan op my ellende͡u oë, / hoor my, HEER, uit medely;
neem my sondes uit meedoë / almal weg, vergeef dit my!
HEER, aanskou die leërmag / wat om my vermenigvuldig,
want hul lê op my en wag – / vol van haat en ongeduldig.

Gebed

- ***Doksologie:***
- ***Aanbidding:***
- ***Skuldbelydenis:***

Vergifnis:

- ***Dank:***
- ***Smeking vir die nood van die gemeente en voorbidding vir die kerk, owerhede en sondige wêreld, asook die beroep op die beloftes van God***
- ***Algemene bede:***
- ***Verligting van die Gees ter wille van die Woorddiens:***

Amen.

Doop: Dogtertjie van Jaco en Yvonne Louw

Psalm 105:5 (p. 515)

5 Die HEER wat van geen wankel weet nie, / sal nimmer sy verbond vergeet nie;
al sy beloftes bly van krag / tot in die duisendste geslag.
Verbond met Abraham, sy vrind, / bevestig Hy van kind tot kind.

Psalm 72:6 (p. 361)

6 Ek sien al vorste, ryk en magtig, / wat buigend voor Hom staan,
en al die nasies wat eendragtig / Hom dien as onderdaan.
Want Hy sal die verstotelinge, / die wat geen helper het –
die stilverloorne en geringe – / sal Hy verhoor en red.

Skriflesing: Matteus 10

Teks: Matteus 10:28, 29

En moenie vrees vir die wat die liggaam doodmaak, maar die siel nie kan doodmaak nie; maar vrees Hom liewer wat die siel sowel as die liggaam kan verderwe in die hel. Word twee mossies nie vir ’n stuiwer verkoop nie? En nie een van hulle sal op die aarde val sonder julle Vader nie.
(Matteus 10:28,29 AFR1953)

Ons bekommer ons dikwels oor die dood. Dit is by almal ’n ernstige vraag wat met elkeen van ons gaan gebeur as ons doodgaan.

- Ons worstel met die vraag of ons werklik sal opstaan uit die dood.
- Of verdwyn ek vir altyd as ek dood is en my liggaam ontbind is?
- Ons is bang vir die dood!

Gemeente van die Here Jesus Christus, moenie dat hierdie dinge u ontstel nie.

In die gedeelte wat ons gelees het, is Jesus se dissipels ook bang vir die dood.

- Die Here Jesus stuur hulle om te gaan preek maar Hy weet dat dit bitter met hulle sal gaan.
- Hy vertel hier vir hulle dat hulle vervolg gaan word en doodgemaak gaan word, net omdat hulle Hom aanhang nie net hulle nie, maar ook die wat deur hulle bekeer gaan word.
- Die een broer wat nie glo nie, sal sy broer wat glo aan die dood oorlewer. Selfs ’n vader sal sy kind oorlewer en kinders hulle ouers (vers 21).

Die Here Jesus se dissipels is bang om dood te gaan.

- Hulle is vreesbevange omdat hulle hoor dat hulle gemartel gaan word totdat hulle sterf omdat hulle glo.
- Watter mens is daar wat nie vervolging en smarte vrees nie?
- Hulle moet vertroosting ontvang om met hulle taak te kan begin.

Dan sê die Here Jesus vir hulle:

- Moenie bang wees vir mense en wat hulle aan julle kan doen nie.
- Die mense kan net jou liggaam doodmaak, maar aan jou siel kan hulle geen skade doen nie; dit lê buite hulle bereik.

Die Here Jesus se waarskuwing is duidelik: hulle moenie te veel aandag gee aan die veiligheid van hulle liggame nie.

- Dit is belangriker dat hulle bekommerd moet wees oor die gesteldheid van hulle siele. Wat gaan met jou siel gebeur?
- Die Here Jesus spreek sy dissipels hier baie ernstig aan.
    - Hulle moet te alle tye God vrees.
    - As hulle nie hulle werk doen nie of hulle geloof prysgee, sal Hy nie net hulle liggame verderf nie, maar ook hulle siele.
- Daar is meer rede om God te vrees as om die verdrukkers op die aarde te vrees.

Die Bybel praat dikwels van liggaam en siel. Wat beteken dit? Dit is eintlik ’n baie moeilike saak om mooi te verstaan wat die Bybel met hierdie woorde bedoel.

- Wanneer God skape, skape Hy alle dinge met ’n liggaam –

- plante en diere, maar ook die mens.

Soos alle geskape dinge het die mens ’n liggaam.

- Maar daar is ’n verskil, want die mens het meer as net ’n liggaam.
- Die mens besit ook nog ’n siel – dit is wat hy gekry het toe God die asem in sy neus ingeblaas het.
- Dit beteken dat God die mens geskape het om vir ewig te lewe.

Maar ons moet hierdie saak baie goed verstaan: Die mens bestaan nou nie uit eersteklas- en tweedeklasmateriaal nie.

- Die siel is nie beter as die liggaam nie.
- Die liggaam is ook nie slegter as die siel nie.
- Hierdie twee saam maak die mens.

So dikwels wanneer iemand dood is, hoor ons dat die mense sê dat hulle die stoflike oorskot van die mens gaan begrawe.

- Dit is sonde om so te sê, want die woorde beteken dat die liggaam minderwaardig is. Want oorskot of oorskiet beteken iets minderwaardigs.
- Dit is verkeerd, want toe God die mens geskape het, het Hy tog uitdruklik gesê dat die mens baie goed was.

Die liggaam is in geen opsig minderwaardig teenoor die siel nie.

- Die bewys daarvoor is ook dat God hierdie selfde liggaam van my weer uit die aarde gaan opwek.
- En dit ook weer met my siel verenig.
- So sal ek met my liggaam en my siel herenig op die nuwe aarde lewe.

Hieruit is dit duidelik dat die Bybel elke keer van die hele mens praat soos God hom geskape het wanneer daar gepraat word van liggaam en siel.

Dan kom die dood. Die mens is geskape om te lewe tot in ewigheid – tog sterf ons.

Hoe pas die twee sake inmekaar?

Ons lees in Genesis 2:17 dat die dood as straf op die sonde kom. Paulus skryf in Romeine 6:23 dié woorde neer:

Want die loon van die sonde is die dood. (Romeine 6:23 AFR1953)

- Dit beteken dat ons betaal is vir die sonde wat ons gedoen het.
- Die sonde was soveel werd dat ons die dood as betaling gekry het.
- Dit is ’n straf wat ons van God ontvang.

Waarom vrees ons dan die dood? Omdat dit inder waarheid die verskriklikste ding is wat die mens kan oorkom. Die dood is vernietiging in meer as een opsig.

- In die eerste plek ruk die dood ons van die doel van ons skepping en van God af los.
    - Dit is waarom die Bybel herhaaldelik sê dat ons dood is in ons misdade.
- Maar in die tweede plek is die dood ontbinding.
    - Liggaamlike en figuurlike ontbinding, want die liggaam en siel word uitmekaar geskeur.
    - Die twee is deur die Here tot ’n eenheid gemaak, maar die dood breek juis hierdie werk af.
    - Dit maak die eenheid soos God dit geskape het, uitmekaar.

Alle mense moet die dood deurgaan. Daarom moes selfs die Here Jesus Christus, wat God self was, met die dood worstel voordat Hy van die aarde af kon terugvaar na die hemel toe.

- Dit is dan ook die krag van die kruisiging en die opstanding – die dood is nie ’n finale vernietiging nie.
- Die Here Jesus Christus het dit bewys, want Hy het die mag en die houvas van die dood verbreek.
    - Hy is as mens gekruisig en Hy het as mens lewend uit die dood teruggekom.
    - Omdat Hy aan ons beloof dat ons uit die dood sal opstaan, het Hyself dit aan ons kom bewys.

Die soldate het kom kontroleer of Hy werklik dood was.

- Hy was dood en daarom het hulle nie sy bene soos gebruiklik gebreek nie.
- Om sy dood finaal te bevestig, is Jesus toe begrawe. Toe staan Hy net eenvoudig op die derde dag lewendig uit die dood op.

Nou is die verskrikking uit die dood gehaal vir die wat werklik glo. Daarom praat die Bybel op ’n mooi manier van die dood.

- Deuteronomium 31:16 sê die dood is soos ’n slaap.
- Jesaja 57:2 sê dat die regverdige wat sterf die vrede ingaan en dat hy sal rus.

Ons leer nog meer dinge oor die dood.

- Lukas 16:19 leer ons dat ons dadelik nadat ons dood is, in die hemel of die hel is.
- In daardie gelykenis leer Jesus die mens oor die lewe na die dood.
    - Hy sê dat daar ’n man was met die naam Lasarus. Die man het gesterf.
    - Dadelik het God engele uit die hemel gestuur om hom na die hemel toe te bring.
    - Daar was ook ’n ryk sondaar wat dadelik na sy dood in die hel was.
    - Daar is dus nie so iets dat die dooie mense dood is tot die laaste dag toe nie, of dat daar ’n bewaarplek is tot die oordeelsdag nie.

Dink hier ook aan die rower wat saam met Jesus gekruisig is. Die Here het vir hom gesê:

Voorwaar Ek sê vir jou, vandag sal jy saam met My in die paradys wees.

Hiermee weerlê die Skrif die leer van spiritisme, wat leer dat die mens ook ’n astrale liggaam het wat na sy dood gekontak kan word.

Dat die heiliges wat reeds gesterf het, al klaar in die hemel is, is ook duidelik uit die gesig wat die apostel Johannes op die eiland Patmos gehad het.

- In Openbaring 6:9 sien Johannes die siele van die afgestorwe heiliges in die hemel onder die altaar.
- Hulle is nie in ’n doderyk nie en ook nie iewers swewend op die aarde nie.
- In Openbaring 7:9 sien hy die skare verlostes in die hemel. Hulle regeer en heers saam met Christus op goue trone.

Alles is egter voorlopig totdat God Hom finaal op die sondes van die aarde kom wreek. Dan tree die teksvers in vervulling.

- Dan vernietig God die liggame en die siele van die wat hulle pligte teenoor Hom versuim het, omdat hulle die wêreld meer gevrees het as vir God.
- Johannes 5:28, 29 leer:

  Daar kom ’n uur wanneer almal wat in die grafte is, sy stem sal hoor en sal uitgaan. Die wat goed gedoen het, tot die opstanding van die lewe. Die wat sleg gedoen het, tot die opstanding van die veroordeling.
  (Johannes 5:28, 29 AFR1953)

Dit is die tweede opstanding waarvan hier gepraat word.

- Dit is hierdie geleentheid wat beskryf word in Openbaring 20:12vv as Johannes die dode klein en groot voor God sien staan en wanneer die boeke geopen word waarvolgens almal geoordeel word.

Ons lees in 1 Tessalonisense 4:16:

> **Want die Here self sal van die hemel neerdaal met ’n geroep, met die stem van ’n aartsengel en met geklank van die basuin van God. En die wat in Christus gesterf het, sal eerste opstaan.** (1 Tessalonisense 4:16 Afr1953)

Vers 17 vervolg:

> **Daarna sal ons wat in die lewe oorgebly het saam met hulle in wolke weggevoer word, die Here tegemoet in die lug en so sal ons dan altyd by die Here wees. Bemoedig mekaar met hierdie woorde.** (1 Tessalonisense 4:17 AFR1953)

Hier word die bewys gelewer van die waarskuwing wat die Here Jesus Christus in ons teksvers aan sy dissipels rig.

- Die wat die vrees vir die Here op die aarde die belangrikste geag het – met ander woorde die wat in Christus gesterf het – staan eerste op.
- Hulle word ook dadelik na saligheid gevoer.

Maar om die teks in sy volle diepte te verstaan, moet daar verder gelet word op wat die Bybel sê van die dood – daar is ’n eerste en ’n tweede dood.

- Die eerste dood is wanneer ons sterf op die aarde.
- Dit is die dood wat almal deurgaan – die wat glo en die wat nie glo nie.
- Dit is die dood wat oor die dissipels sou kom wanneer hulle vervolg word en voor die regbanke gesleep word, en uiteindelik doodgemaak word.

Die tweede dood is wanneer God die mense wat Hy opgewek het uit die dood, oordeel.

- Die wat skuldig is, word in die hel gewerp – dit is die tweede dood.
    - Maar die ander wat in Christus gesterf het, hulle gaan nie hierdie tweede dood in nie.
    - Hulle gaan na die plek van volmaakte lewe tot in ewigheid – die hemel.
- Die tweede dood is dus wanneer God, wat mag het oor alles, die liggaam en die siel verderf tot in die hel toe.

Begryp u nou die geweldige troos wat in die woorde van ons teksvers opgesluit lê?

- Die onregverdiges gaan saam met jou die eerste dood deur.
- Dis die dood hier op die aarde wanneer almal sterf.
- Almal sterf net nie met ewe veel smarte nie, want sommige van die wat glo, word vervolg en gepynig ter wille van hulle geloof.

Maar die tweede dood, of die hel, het geen mag oor die regverdige nie.

- Hy sterf wanneer sy dae op die aarde vol is, maar dan lewe hy verder in ewigheid by God.
- Die satan en die hel, of die ewige dood, het geen sê oor hom nie.

Luister dan ook na hierdie woorde van Jesus aan sy dissipels.

> **En Ek sê vir julle, my vriende: Moenie vrees vir die wat die liggaam doodmaak en daarna niks meer kan doen nie; maar Ek sal julle wys wie julle moet vrees: vrees Hom wat, nadat Hy doodgemaak het, by magte is om in die hel te werp; ja, Ek sê vir julle, vrees Hom!** (Lukas 12:4-5 AFR1953)

- Bekommer jou nie oor dit wat op die aarde jou liggaam doodmaak nie.
- Bekommer jou net daaroor dat jy dit doen waarvoor God jou gestuur het – dan het jy geen vrees nie.
- As jy egter jou plig versuim, het jy nie net die liggaamlike smart wanneer jy sterf nie, maar jou liggaam en jou siel gaan die ewige dood in omdat jy jou aan God nie gesteur het nie.

Maar dit was nie al wat Jesus te sê gehad het nie.

- Hy het vir hulle gesê dat die Here selfs so ’n nietige voëltjie soos ’n mossie beskerm, sodat hy sonder die wil van God niks kan oorkom nie.
- Hoeveel te meer bewaar God dan nie vir u wat sy kinders is nie? (Lukas 12:6)

Die teks waarborg aan ons lewe, want die Here Jesus Christus is gestuur om te kom sterwe en uit die dood op te staan.

- Nie net sodat ons nie meer hel toe sal gaan nie, maar ook sodat ons nie meer die dood hoef te vrees nie.
- Hy is ook reeds in die hemel om vir ons te bid en vir ons plek voor te berei.
- Verder is die Gees van God ook altyd by ons.

Die Heilige Gees is nie net by ons om ons in die lewe te lei nie maar ook om ons in ons doodsoomblikke met sterkte naby te wees.

Ons lewe moet daarvan getuig dat ons geen vrees vir die dood hoef te hê nie. Ons godsdiens moet bewys lewer daarvan dat daar soveel diepte in is dat die ewige lewe nou reeds daarin deurskemer.

Ons gaan baie verkeerd wees en verkeerd doen as ons lewe en ons optrede in ’n geselskap van so ’n aard is dat ons angsbevange aan hierdie lewe vashou omdat hierdie lewe vir ons die enigste is.

- Ons moet ook nie ter wille van aansien die ewig lewende beeld van God verloën nie.
- Ons moenie vrees vir dit wat die liggaam doodmaak nie.
- In ons tyd stel die wêreld snaakse standaarde – en daar is baie sogenaamde gelowiges wat agter daardie dinge aanloop.
- Kom ons vrees Hom liewer wat die siel sowel as die liggaam kan verdorwe in die hel.

Amen.

Slotgebed

Slotpsalm 91:8 (p. 462)

8 “Hy roep, en Ek beskerm hom daar, / totdat die nood verby is;
Ek lei hom na die hoogtes waar / ’n eerkrans hom berei is.
Die menseleeftyd, vlug en kort, / verleng Ek uit genade,
sodat hy blye◌ aanskouer word / van al my reddingsdade.”

Die genade van die Here Jesus Christus en die liefde van God en die gemeenskap van die Heilige Gees bly by u almal.

Amen.

Dr MJ du Plessis
Gereformeerde Kerk Bellville
Datum: 26 September 2010